

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 8
19 MAART 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

LANGNAWEEK
Maandag is 'n openbare vakansiedag. Geniet die lekker langnaweek en ons sien groep B se leerlinge weer Dinsdag, 23 Maart 2021.

NUWELING
Baie geluk aan Mnr. Wessel Ebersohn en sy vrou, Nieke, met die geboorte van hul seuntjie, Steyn, op Vrydag, 19 Maart. Mag hy 'n bron van groot vreugde in jul lewens wees!

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2021
Baie dankie aan elke ouer wat opgedaag het om te stem. Sonder u teenwoordigheid sou ons die proses van vooraf moes begin. Ons wil sommer van die geleentheid gebruik maak om die uittredende beheerliggaam te bedank vir die groot taak wat hulle die afgelope drie jaar vervul het. U betrokkenheid was vir Laerskool Newtonpark van onskatbare waarde.

Baie geluk aan elke persoon wat verkies is tot die beheerliggaam. Dié mense is u as ouers se verteenwoordigers by die skool. Ondersteun hulle en maak van hul dienste gebruik indien u vrae of probleme het. Die volgende 5 persone is verkies:
Kosta Camarinos
George Hol
Bianca Prinsloo
Rosemary Randall van der Merwe
Corné Rossouw

TOETSREEKS
Die leerlinge gaan die volgende drie en 'n half week elke tweede dag toets skryf. Maak seker dat hulle voorbereid is en genoeg slaap inkry. Sterkte aan elke leerder wat hard gaan leer om hul beste te lewer.

SKOOLKALENDER EN TOETSROOSTER VERANDER
Die skool se kalender is aangepas om saam met die rooster wat hier onder volg, te pas. Ons moes aanpassings doen om die vakansiedae in ag te neem. Die aangepaste toetsroosters is reeds aan die leerlinge gegee.

DIE RES VAN DIE KWARTAAL SE ROOSTER GRAAD 4 TOT 6
Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/03/22	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/03/24	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/03/26	Vrydag	**Volg Donderdag se rooster**
2021/03/30	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/04/01	Donderdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/02	Vrydag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/07	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/09	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/13	Dinsdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/15	Donderdag	Volg Maandag se rooster
2021/04/19	Maandag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/21	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/23	Vrydag	**SKOOL SLUIT**

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/03/22	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/03/23	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/03/25	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/03/29	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/03/31	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/02	Vrydag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/05	Maandag	**VAKANSIEDAG**
2021/04/06	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/08	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/04/12	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/04/14	Woensdag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/16	Vrydag	**Volg Vrydag se rooster**
2021/04/20	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/22	Donderdag	Volg Donderdag se rooster

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE FONDSINSAMELING : 19 – 22 APRIL
Baie dankie vir die ouers wat alreeds items vir hierdie fondsinsameling geskenk het. Ons waardeer u ondersteuning opreg en wil bevestig dat u steeds tot 9 April kan skenk. Daar is gedurende die week 'n lootjievorm na ouers uitgestuur wat teen 15 – 16 April by die klasonderwyser ingehandig moet word, aangesien die trekking tussen 19 – 22 April plaasvind. 'n Advertensie wat op ons klasgroepe en ook ons facebookblad gelaai sal word om die inisiatief te

bemark, sal ook binnekort gesirkuleer word. Indien u meer inligting benodig is u welkom om Mev. Veronica Smit per e-pos te kontak by: ontvangs@lnpark.co.za

SKOOLMASKERS BY KLEREWINKEL
Ons is baie opgewonde om u in kennis te stel dat daar nou maroen maskers met die skool se wapen in ons Klerewinkel beskikbaar is teen R30 per masker. Daar word vir alle groottes voorsiening gemaak en u kan gerus ons klerewinkel skakel indien u 'n bestelling wil plaas. Die nuutste pryslys is ook op D6 onder "Bronne" gelaai.

KRIEKETAKADEMIE : APRIL 2021
Meneer Lance Impey, ons huidige tennisafrigter, gaan in April 'n krieketakademie op Saterdag oggende by die sportgronde te Geraldstraat begin. Bring gerus u kind (seun/dogter) om aan die eerste **gratis** sessie op 27 Maart 2021 deel te neem.
Die program lyk soos volg:
07:30 – 08:00 : Inligtingsessie
08:00 – 10:00 : Gratis oefensessie
Indien u meer inligting rakende die krieketakademie benodig, kan u Mnr. Impey direk op 082 577 9099 kontak.

VAKANSIENASORG: APRIL 2021
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons 'n opname maak om vas te stel hoeveel ouers 'n behoefte het om tydens die Aprilvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 leerlinge is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:
1. 28 – 30 April (3 dae). (Skole sluit 23 April 2021 en 27 April is 'n openbare vakansiedag)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. ***07:15 -17:30*****, stiptelik te eerbiedig**.

Die tarief beloop R240 per kind en is vooruitbetaalbaar vir die volle tydperk.

KOPLUISE
Dit het onder ons aandag gekom dat daar kopluise in die skool is. Sal u asseblief so vriendelik wees om u kind se kop deeglik te ondersoek en indien nodig, die korrekte middel aan te wend.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)
Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na

te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u kwalifiseer vir 'n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
God vra nie na jou bekwaamheid nie. Daarvoor sal hy sorg. Hy vra na jou beskikbaarheid...
Braam Hanekom

*N**iemand kan jou minderwaardig laat voel sonder jou toestemming nie.***
Eleanor Roosevelt

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 22 Maart	:	**VAKANSIEDAG**
Di – 23 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B (volg WOENSDAG rooster)** ***Juf. Munique Oosthuizen verjaar** **TOETS :** Afrikaans graad 4 – 6 **TOETS :** NW graad 7
Woe – 24 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A (volg WOENSDAG rooster)** Klerewinkel **12:00-14:30** **TOETS :** Afrikaans graad 4 – 6 **TOETS :** Engels graad 7
Do – 25 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep B (volg DONDERDAG rooster)** **TOETS :** Wiskunde graad 4 – 6 **TOETS :** EBW graad 7
Vr – 26 Maart	:	Skoolbywoning : **Groep A (volg DONDERDAG rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00** **TOETS :** Wiskunde graad 4 – 6 **TOETS :** Afrikaans graad 7